

## Mediaverklaring

Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)  
5 Mei 2010

### Senuagtige beleggers ly verlies toe marktydsberekening te kort skiet

Die Suid-Afrikaanse kollektiewe beleggingskema-bedryf (CIS) se bestuurde bates het in die eerste drie maande van vanjaar met 'n gesonde R32 miljard tot R818 miljard gegroei. Met alle dubbeltelling uitgeskakel, het bestuurde bates teen einde Maart vanjaar op R783 miljard te staan gekom.

Skaars tien jaar gelede het die bedryf se bestuurde bates net R124 miljard bedra. Altesame 348 fondse was in daardie stadium beskikbaar teenoor die 913 fondse wat tans oorweeg kan word.

Die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) het vandeeweek met die uitreiking van die plaaslike CIS-bedryf se kwartaallikse statistieke bevestig dat sy nuwe gesofistikeerde statistiekstelsel nou ten volle in gebruik is. Dit beteken dat alle gevalle van dubbeltelling uitgeskakel word wanneer die CIS-bedryf se bestuurde bates bereken word.

Leon Campher, uitvoerende hoof van ASISA, sê 'n mate van dubbeltelling was in die verlede in die CIS-statistieke aanwesig. Dit is in hoofsaak veroorsaak deur tweeslagtige fondse wat in sekuriteite en ander effektrustfondse belê. Met die vorige stelsel was dit net moontlik om dubbeltelling van fondse van fondse te verwyder.

### Netto invloei

Die kwartaal se bruto verkope het R167,4 miljard beloop teenoor 'n uitvloei (aflossings) van R147,7 miljard. Dit kom neer op netto invloei van R19,7 miljard vir die eerste kwartaal van vanjaar.

Plaaslike geldmarkeffektetrustfondse het die grootste gedeelte van die invloei aangelok. Beleggers het in die eerste drie maande van vanjaar 'n totaal van R11 miljard in kontant geplaas. Plaaslike batetoewysingsfondse het R8,4 miljard gelok. Net R475 miljoen is in plaaslike ekwiteite belê. Ander plaaslike vasterentefondse het 'n uitvloei van R2,9 miljard ervaar.

Campher sê dit is in sterk teenstelling met beleggersoptrede in die tweede helfte van verlede jaar toe batetoewysings- en ekwiteitsfondse gewilder as geldmarkfondse was.

Beleggers moes ongelukkig 'n duur prys betaal vir dié skouspelagtige skuiwe tussen die verskillende bateklasse, sê Campher.

### Die prys van tydsberekening

Beleggers se kortstondige hofmakery verlede jaar met effektrusts wat ekwiteitsblootstelling bied, het vroeg in Februarie vanjaar skielik tydens die daling in die markte geëindig. Skaars nadat beleggers egter in die geldmarkfondse teruggekoop het, het die JSE Alle-aandele-indeks (ALSI) weer verbeter en sy stadige en bestendige styging voortgesit om vorige verliese terug te wen. In die eerste kwartaal alleen het die ALSI 4,5% teruggewen ondanks die kortstondige daling.

Volgens Campher het die JSE ALSI in die afgelope 12 maande tot op 31 Maart vanjaar met 44% gegroei. In randterme was die ALSI in vergelyking met die SP500 en die FTSE 100 die beste presterende indeks.

“Die meeste beleggers het ongelukkig hul deel van die winste verbeur deur met elke markverandering in en uit ekwiteitsblootstelling te spring.”

Campher sê ‘n ontleding van vloiepatrone na die verskillende bateklasse gedurende die afgelope twee jaar het aan die lig gebring dat geldmarkfondse in die eerste drie kwartale van 2008 die voorkeurbeleggingsopsie was met die ekwiteitsektor wat ‘n ononderbroke uitvloeï ervaar het.

“Ironies genoeg het beleggers skielik teen die einde van 2008 begin om ekwiteitsblootstelling te verkry net toe die JSE Alle-aandeel-indeks ‘n asemrowende rekordhoogtepunt bereik het. Toe hulle egter besef het dat hulle deel geword het van een van die afgrylikste markinploffings ooit het hulle ekwiteite verkoop en terug na geldmarkfondse beweeg.”

Beleggers het eers toe die JSE Alle-aandele-indeks sy laagtepunt op 3 Maart 2009 bereik het begin om weer ekwiteitsblootstelling te verkry, net om die skrik op die lyf gejaag te word deur die kortstondige val in die markte begin vanjaar.

Volgens Campher kom dit dus daarop neer dat die meeste beleggers aanhoudend gekoop het toe eenhede duur was en verkoop het toe dit die meeste van hul waarde verloor het. Op lang termyn lei dit daartoe dat beleggers se portefeuljes weggekalwe word weens swak tydkeuses en inflasie.

“Die enigste manier om maksimum opbrengste te verkry, is om ‘n stewige en goed gediversifiseerde portefeulje saam met ‘n vertroude finansiële adviseur saam te stel en om dan tydens slegte tye op die kantlyn te staan. Beleggers wat op lang termyn opbrengste wil verdien wat inflasie uitstof, moet daarop ingestel wees om deurlopend ‘n ekwiteitsblootstelling te handhaaf as deel van ‘n goed gediversifiseerde portefeulje.”

Die plaaslike algemene ekwiteitseffektetrustsektor het oor die vyf jaar tot einde Maart 2010 ‘n jaarlikse opbrengs van 16,9% opgelewer, terwyl dié van geldmarkfondse oor die tydperk 8,8% beloop het. Inflasie (VPI) was gemiddeld 6,5%.

Gedurende die eenjaartydperk tot einde Maart het die plaaslike algemene ekwiteitseffektetrustsektor 41,1% opgelewer teenoor die 8,3% van die geldmarkfondse. Inflasie het 4,3% beloop.

### **Buitelandse diversifisering**

Die totale bestuurde bates in plaaslik geregistreerde buitelandse fondse het op 31 Maart 2010 op R107,5 miljard te staan gekom. Dit is effens minder as die R108,5 miljard teen einde 2009.

Volgens Campher het die totale bedrag ten opsigte van bestuurde bates in plaaslik geregistreerde buitelandse fondse afgeneem as gevolg van die skrapping van ‘n aantal van die fondse wat nie meer aktief in Suid-Afrika bemark word nie.

Die aantal buitelandse gedenomineerde fondse wat in Suid-Afrika bemark word, het vanaf 372 teen die einde van 2009 tot 342 teen die einde van die laaste kwartaal afgeneem.

Buitelandse effektetrustfondse gedenomineer in geldeenhede soos die dollar, pond, euro en yen en word deur buitelandse effektetrustmaatskappy aangebied. Sodanige fondse kan net aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word indien hulle by die FDR geregistreer is. Plaaslike beleggers wat in dié fondse wil belê, moet aan die Reserwebank-bepalings voldoen. Sulke beleggers maak gebruik van hul toelae ten opsigte van buitelandse kapitaal wat verlede jaar van R2 miljoen tot R4 miljoen per individu verhoog is.

Volgens Campher dui buitelandse CIS-statistieke vir die eerste kwartaal van vanjaar daarop dat 42% van die bates wat Suid-Afrikaners in buitelandse fondse belê aan ekwiteitsfondse toegeedeel is. Net 6% van die bates is in vasterentefondse belê.

#### **Einde**

#### **Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:**

Lucienne Fild  
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant  
082 567 1533  
lucienne@mweb.co.za

#### **Uitgereik namens:**

Leon Campher  
Uitvoerende Hoof  
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)  
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).